**SAAMPRAATPAPIER** **9 OKTOBER 2016**

# PSALM 139

**AS GROEP: LEES PSALM 139**

**DEEL IN GROEP: Wat staan vir jou uit? Wat spreek jou aan?**

**BESPREEK:** in watter verse / met watter woorde word aangedui dat God ons gedagtes, ons besluite, ons woorde ken?

**BESPREEK:** in watter verse / met watter woorde word aangedui dat God by ons is op watter plek ons ons ookal bevind of ons kan indink om op te wees?

**BESPREEK:** in watter verse / met watter woorde word aangedui dat God ons – tydgewys – al lankal ken, maar ons ook vandag nog ken en by ons is?

**BESPREEK:** weet God net wat in Sy kinders se gedagtes aangaan? Ken Hy net Sy kinders se planne? Of selfs diegene wat teen Hom is?

**PRAAT BIETJIE SAAM** oor die inhoud van verse 13-16.

**PRAAT OOK SAAM OOR** die inhoud van verse 5-6 en 17-18.

**TYD VIR GEBED**: Bid die woorde van Psalm 139: 23-24 (as groep saam/bid elkeen op eie)

***Deurgrond my, o God, deurgrond my hart,***

***ondersoek my, sien tog my onrus raak.***

***Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie***

***en lei my op die beproefde pad!***